07 Apr.

Uitgawe 2010/04/07

Global Prayer Alert

'n Weeklikse gebedsgids vir gemeentes, gebedsgroepe en 24-uur gebedswagte.
Vir meer inligting rondom gebed, besoek die webruimtes: www.jwipn.com of www.global24-7.org

Herlewing

Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies, en doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees; en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het. En kyk, Ek is met julle al die dae tot aan die voleinding van die wêreld (**Matt.28:18-19**). Baie gelowiges het die kruisiging en die opstanding van Jesus hierdie naweek herdenk. Ons was weereens daaraan herinner dat God Sy Seun gegee het en dat Jesus Sy lewe gegee het. Soos ons sy geskenk van liefde en genade aanvaar, kry ons ook die geleentheid om te kan gee. Jesus verwag van ons om dit wat ons van Hom ontvang het met andere te deel. ***Hemelse Vader, laat U naam geheilig word. Laat U koninkryk kom op aarde soos dit ook in die hemele is.***

Deurbraak : Kinders van Thailand ervaar die krag van gebed

'n Verslag van *Mission Network News* het beskryf hoe 'n groep Thai weeskinders by die *Vision Beyond Borders (VBB)* kinderhuis die krag van gebed ervaar het toe die weeshuis bedreig was met vuur. Volgens die verslag op 19 Maart, het werkers dringende gebedsversoeke uitgestuur per e-pos terwyl die brand dreigend nader gekom het aan die weeshuis. Die werkers het die kinders na 'n nabygeleë heuwel geneem vir veiligheid. Bo-op die heuwel het 'n personeellid die kinders aangemoedig om God te aanbid en Sy naam aan te roep. Alhoewel Thailand in die middel van die droë seisoen was, het hul nog steeds die Here vertrou vir reën. Kort voordat die weeshuis heeltemal deur vuur omring was kon die donderslae gehoor word en minder as 'n uur later het 'n sagte bui reën uitgesak. Dit het harder begin reën en die vure was totaal geblus. (Webruimte: http://www.breakingchristiannews.com/articles/display_art.html?ID=7718, 30/03/10). ***Dank die Here vir die feit dat hierdie kinders so 'n kragtige ervaring op 'n jonge ouderdom kon hê. Bid dat hierdie kinders sal groei in die kennis van wie God is en Jesus Christus die Seun van God. Bid dat die onderwysers wat werksaam is by die weeshuis sal aanhou om die waarheid van God se Woord met hierdie kinders te deel.***

Bid vir jou gemeenskap : Goeie nuus van die Evangelie

Ons hoor op 'n daaglikse basis van slegte nuus. Dit kan die dood wees van 'n geliefde. Of die diagnose van 'n ongeneeslike siekte en 'n beperkte tydperk om te lewe. 'n Baba wat stil gebore is. Om sig of 'n ledemaat te verloor. 'n Kind wat rebels is en totaal verslaafd is. In sulke gevalle is dit moontlik om totaal oorweldig te voel. ***Bid vir mense wat deur 'n hartseer seisoen gaan. Vra die Heilige Gees om hulle te troos. Bid dat hulle die goeie nuus van die Evangelie sal aanvaar volgens Jesaja 61:1-3. Bid dat hulle geen slegte tyding sal vrees nie en hul volle vertroue in die Here sal wees. .***

Suid-Afrika : Versoening tussen rasse

Die moord van Eugene Terre'blanche, leier van AWB (Afrikaner Weerstandsbeweging), deur twee jeugdiges verlede week het groot opslae gewek in die land. Die moord volg toevallig nadat 'n politiese leier 'n lied gesing het wat beskryf word as haatspraak. Die president het die land toegespreek en gevra dat almal kalm moet bly in hierdie tyd. Die lede van die AWB het verklaar dat hulle nie wraak sal neem nie. (Webruimte: http://www.thestar.co.za/?fSectionId=&fArticleId=vn20100406043029934C356757, 06/04/10). ***Bid dat hierdie insident sal lei tot nuwe versoeningsgeleenthede tussen verskeie kultuurgroepe in Suid-Afrika. Vra die Here om harte te hernieu van elke burger in die land.*** (**Eseg. 36:26**). ***Vra God om Sy plan vir die land aan die Liggaam van Christus te openbaar en dat die Kerk van Christus advies aan die land sal gee deur profesie***

Internasionaal : Sri Lanka

Die eiland nasie van Sri Lanka hou hul parlementêre verkiesing op 8 April 2010. Burgers sal 225 lede verkies wat diens sal lewer in die 14de parlement. Sri Lanka is nommer 40 op die *Open Doors World Watch List* 2010 van lande waar Christene die ergste vervolg word. (E-pos: win@win1040.com, 05/04/10). ***Bid vir owerhede om seker te maak dat daar geen onwettige aktiwiteite sal wees tydens die verkiesingsproses nie. Vra die Here om leiers op die rig om die land te lei soos Hy dit verkies. Bid vir vrede tussen verskeie mensegroepe.***

Hierdie gebedskalender is 'n inisiatief van Jerigo Mure Gebedsnetwerk en word moontlik gemaak deur u getroue ondersteuning. Kontak: watch@jwipn.com

To unsubscribe, send ANY message to: bid_7dae-unsubscribe@associate.com